

author's enthusiasm for Syracuse as a place comes out most clearly. Whereas most Classicists across the globe would have a relatively clear idea of the principal lay-out and monuments of Athens and Rome, Syracuse – despite her prominence which Evans rightly emphasises – many will not be able to read, say, Thucydides' account of the Athenian expedition with even a vague idea of the main locations that are mentioned in the text. Those readers – but not those readers alone – will find this book to be an extremely useful companion to the text, not least on account of the numerous maps, reconstruction drawings, colour photographs and videos that are supplied on a CD along with the book. But even for the reader who is familiar with Syracuse, Evans has produced a useful guide to the ancient city, the layout of which differed significantly from present Syracuse, especially insofar as the harbours and internal division of the city into distinctive areas – 'cities', in fact – are concerned.

This very engaging discussion of the topography of monuments leads into the chronological narrative of chapters four to six, which – whilst frequently referring to the first part of the book – turns out to be a more conventional account. This is not, of course, to deny its usefulness in drawing together information from a variety of literary sources and thus arriving at a compact local history with a degree of resolution that would be difficult to achieve except for a few ancient cities.

*Syracuse in Antiquity* should be on the shelves of every library, be it as a literary companion, guidebook or an interesting read in its own right. The number and quality of illustrations are impressive and make up a significant part of the book – even though they are mostly on CD-ROM. This, unfortunately, makes it somewhat difficult to read the book outside a library or office. However, this in no way detracts from the author's achievement.

Roman Roth  
University of Cape Town

W.J. Henderson, *Vir Griekse Fluite: Vroeë Griekse Elegiese Poësie vertaal en toegelig*. Pretoria, Protea Boekhuis 2009. Pp. 240. ISBN 978-1-86919-250-1. Prys R250.

Met sy boek, *Vir Griekse Fluite*, stel W.J. Henderson sy navorsing in verband met die vroeg-Griekse liriese poësie wat reeds in 2004 met die publikasie van *Op Griekse Lier* (Protea Boekhuis) begin is, verder bekend. In die boek onder bespreking gaan dit oor die vertaling in Afrikaans en bespreking van 13 oud-Griekse elegiese digters en 'n enkele anonieme

elegie. Die titel van die boek en die tipografiese ontwerp van die omslag gee reeds 'n aanduiding van waaroor hierdie werk handel.

Tot betreklik onlangs was kennis en begrip van die vroeg-Griekse liriese poësie regdeur die akademiese wêreld erg aan bande gelê deur die fragmentariese en algemeen problematiese aard waarin hierdie poësie behoue gebly het. Dit is eers sedert die monumentale tekskritiese werk van geleerdes soos Lobel, Page, West en Gentili dat die inhoud van die fragmente literêr effektief bestudeer kon word. En selfs vandag nog is die aantal publikasies in verband met die vroeg-Griekse liriek relatief beperk. In Afrikaans is daar afgesien van Henderson se aantal vroeëre artikels in vaktydskrifte prakties niks beskikbaar nie. Die Griekse liriese poësie is nog grootliks onbekend. Met hierdie boek word 'n leemte gevul wat ten minste in die Dietsprekende dele van die wêreld van groot nut sal wees. 'n Gebrek aan kennis van die Griekse liriek is verarmend omdat die vorm en sentimente wat daarin verwoord word, moderne liriese poësie terdeë beïnvloed het, al word dit nie miskien goed besef nie.

In die voorwoord van die boek verklaar die skrywer dat die teikenleser van sy boek 'steeds die klassikus, die literatuurwetenskaplike wat op genre fokus en die gevorderde student in klassieke of vergelykende literatuur [is]; indien die gewone leser dit ook geniet, is dit 'n bonus.' Deur die hele werk word hierdie oogmerk in gedagte gehou. Die student in vergelykende literatuurstudie sal hier inderdaad 'n veilige vertrekpunt vind maar ook die klassikus sal hier nuwe insigte vind en sy bestaande insigte sal moontlik verbreed word.

Die boek is ingedeel in twee gedeeltes: 'n inleiding waarin noodsaaklike agtergrond tot die liriek krities bespreek word en dan 'n tweede gedeelte waarin die fragmente van die digters dan ingelei word en op 'n besonder voortreflike manier in Afrikaans vertaal word. (Oor die vertaling aanstons meer.) Hierdie afdeling beslaan die grootste gedeelte van die boek. Teen die einde van die boek is daar 'n baie nuttige glossarium van agt bladsye waarin tersaaklike eiename en begrippe verklaar word en waar ook 'n aanduiding van die uitspraak gegee word. Die glossarium word gevolg deur indringende endnote wat 32 bladsye beslaan. 'n Insiggewende bibliografie wat oor 11 bladsye strek word gevolg deur 'n register van die elegiese tekste wat behandel is. Sodoende word dit vir die leser maklik gemaak om kommentaar op spesifieke versreëls in die gedigte in die voorafgaande teks op te spoor. Die hele opset en gedatailleerde afronding van die boek maak die indruk van 'n wetenskaplike publikasie van die eerste orde.

Die boek begin met 'n verklaring van afkortings, inligting omtrent transkripsie en algemene metode van vertaling. In die oriënterende inleiding word dan kernagtig ingegaan op die oorsprong en ontwikkeling van die elegiese genre, die vorm (versmaat) en die basiese struktuur van die

elegie. Die grootste gedeelte van die inleiding word afgestaan aan die sosiale geleenthede en omstandighede waartydens hierdie gedigte voorgedra is. Sonder hierdie kennis sal die moderne leser nie die segging van die gedigte behoorlik kan verstaan en waardeer nie. Die vraag word ook ondersoek in watter mate die liriese digters van vooraf-geskrewe tekste gebruik gemaak het wanneer hulle hul poësie voorgedra het en op watter stadium die Griekse elegie geskryf is om gelees te word eerder as om voorgedra te word met musiekbegeleiding en dans. Om vandag definitiewe antwoorde op hierdie vrae te kry is waarskynlik onmoontlik, nie net weens die toestand waarin hierdie fragmente behoue gebly het nie, maar ook omdat die liriese digters voor die 5de eeu vC hulle nog nie eksplisiet of selfs implisiet abstrak en teoreties in hul poësie uitgelaat het oor hul digterskap of die funksie van hul poësie in bepaalde omstandighede nie. Dit sou eers heelwat later gedurende die Hellenistiese periode gebeur toe digters meer selfbewus begin skryf het. Selfs toe was die uitsprake maar seldsaam en kripties. Henderson wys tereg daarop dat weens die fragmentariese aard van die elegieë en die latere *testimonia* daaromtrent, uitsprake omtrent die geleenthede en omstandighede waartydens die gedigte voorgedra is, grootliks spekulatief bly. Die Griekse liriek was om hierdie rede nooit 'n maklike studieveld nie.

In hierdie skemerlig van onsekerhede en gissings kan slegs 'n navorser wat die studieveld ten voete uit leer ken het, hoop om 'n aantal geldige afleidings te maak. Die skrywer van hierdie boek kwalifiseer duidelik daarvoor. Die gevolgtrekkings in hierdie deel van die boek word gestaaf met talle primêre verwysings na elegiese digters vanuit die hele elegiese *corpus*. Sonder simplistiese verduidelikings maar ook sonder onnodige bespiegelende detail, word die mees waarskynlike agtergrond tot die vroeg-Griekse elegiese poësie gegee. Nie net die student sal veel hieruit leer nie, maar ook die meer ervare klassikus mag hier groter duidelikheid kry omtrent heelwat vrae wat by hom mag bestaan.

Die grootste gedeelte van die boek word gewy aan die vertaling in Afrikaans van die elegiese poësie van 13 elegiese digters. Aan die *Theognidea* word heelwat ruimte afgestaan, waarskynlik omdat Theognis, naas Pindaros, die enigste Griekse digter van kortpoësie is wie se werk langs die weg van 'n manuskripttradisie relatief goed behoue oorgelewer is – 1389 versreëls in totaal. Elke gedig word van 'n gepaste inleiding voorsien en dan na die vertaling literêr-wetenskaplik bespreek. Uiteraard wissel die fragmente in lengte; soms is dit net een reël.

Die voortreflikheid van die Afrikaanse vertalings regverdig eintlik 'n resensie in eie reg. Die leser van Grieks sal gou besef dat Henderson sekerlik ook te kampe gehad het met die probleem waarmee Lucretius en Augustinus bely het dat hulle mee geworstel het: *egestas linguae*. Die

vertalings is met sensitieweitek gemaak. Min vertalers is daarvoor opgewasse. Dit lees pragtig vloeiend en natuurlik. Die vertaler het die Griekse versreëls sover as moontlik gehandhaaf. Lakunes in die Grieks word aangedui. Die leser van Grieks kan enigeen van hierdie fragmente met die oorspronklike vergelyk om te sien hoe vindingryk die vertaling gemaak is. Henderson beweeg op die grense van wat die Afrikaanse taal moontlik maak en verryk die taal deur talle nuutskeppinge. Dit is te verstane dat hierdie boek vir die prys vir vertaalde werk van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns benoem was. Die fynproewer sal besef wat die meriete van hierdie vertalings is. Die spelling van Griekse name in Afrikaans was nog altyd 'n probleem. Daar bestaan wel die riglyn vir spelwyses wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie uitgegee is maar Henderson maak beslis 'n bydrae om die spelwyse van Griekse eiename en terme in Afrikaans te standardiseer.

Die werk is aan die einde van 'n omvattende bibliografie voorsien. Dit is duidelik dat die skrywer naastenby alle beskikbare sekondêre literatuur onder oë gehad het, dikwels in moeilik toeganklike vorm wat ongetwyfeld heelwat tyd in die buiteland geveerg het.

Die geheelindruk van hierdie boek is dat dit 'n eersterangse stuk navorsing is wat deur 'n deurwinterde wetenskaplike met 'n fynsinnige gees geskryf is.

Johan Cilliers

Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Katharina Volk, *Ovid*. Malden, Mass. & Oxford, Wiley-Blackwell (Blackwell's Introductions to the Classical World), 2010. Pp. 148 + xii. ISBN 978.1-4051-3642-6.

Volk's unpretentious contribution to Blackwell's well-known series of *Introductions* is a *tour-de-force* of apparent simplicity veiling profound scholarship and thorough familiarity with current trends in Ovidian scholarship, engagingly presented.

Volk avoids the more usual work-by-work and generic approaches to the Ovidian *corpus*, choosing to discuss the whole *oeuvre* in a series of eight topical chapters that, between them, cover it adequately. An 'Introduction' is followed by a chapter on Ovid's 'Work' with four main sections: *Love poems*, *Longer poems*, *Exile poems* (*sic*) and *Lost or spurious works*. This approach allows Volk to group as a unit amatory elegies, didactic poems and elegiac monologues and, as a second unit, the hexameter *Metamorphoses* with the elegiac *Fasti*.

# ACTA CLASSICA



*Acta Classica* is published annually by the Classical Association of South Africa. The journal has been in production since 1958. It is listed on both the ISI and the SAPSE list of approved publications.

Published by  
The Classical Association of  
South Africa

For further information go to:  
[http://www.casa-kvsa.org.za/acta\\_classica.htm](http://www.casa-kvsa.org.za/acta_classica.htm)